

# Ready Steady Read Write Program – Tutorwerkbeleid

Tutors is die hart en siel van die Ready Steady Read Write-program, en werk wat deur die koördineerders en tutors gedoen word, word hoog op prys gestel. Tutors uit alle agtergronde, met alle vlakke van ervaring en van alle ouderdomme (bo 16 jaar) is welkom.

As 'n tutor wat die Ready Steady Read Write-program gebruik, sal jy:

- opleiding moet bywoon (twee oggende).
- jou daartoe moet verbind om minstens ses maande lank twee ure per week met kinders te werk.
- vertroulikheid ten opsigte van die kinders met wie jy werk, moet bewaar en nie buite die skoolkonteks oor die kinders se vordering praat nie.
- kinders goed moet behandel, positiewe taal moet gebruik en die pogings wat elke kind aanwend, moet prys.
- respek en bedagsaamheid teenoor onderwysers en ander tutors moet toon.
- jou eie vervoer na en en van die perseel moet reël.
- jou bes moet probeer om betroubaar en stiptelik te wees en die koördineerder in te lig indien jy op 'n besondere dag nie die klas kan bywoon nie.
- die riglyne in the tutorshandleiding moet volg en dit wat tydens opleiding geleer is, moet implementeer.
- die koördineerder se leiding moet volg.
- jou gereedskap agtermekaar en aan die kant moet hou en moet help om die tutorskamer netjies te hou.
- jou gereedskap aan die koördineerder moet terugbesorg indien jy die program verlaat.
- registers moet voltooi en met rekordhouding moet help.
- die kinders se veiligheid te alle tye moet verseker en seker moet maak dat jy jou verantwoordelikhede ingevolge die skool/organisasie se kinderbeskermingsbeleid verstaan.
- by die koördineerder seker moet maak voordat jy foto's van die kinders neem.
- moet weet dat foto's van tutors geneem kan word terwyl hulle met die kinders werk om die program te bevorder en te deel. Jy sal dit duidelik moet maak as jy verkies om nie by 'n foto ingesluit te word nie.
- moet onderneem om heeltemal op jou eie risiko in die Ready, steady...read and write-program te werk en verantwoordelikheid moet aanvaar vir enige verlies of besering wat gedurende die tutorsklas voorkom.
- respek vir kinders en vir ander tutors moet toon deur te verseker dat selfone gedurende lesse stil is.

“Dit was 'n baie goeie ervaring om te weet dat ek kinders kan help om hul leesvaardighede te verbeter. Ek leer saam met hulle. Dit is 'n wonderlike ervaring en ek geniet elke oomblik daarvan.”  
Lameez Jacobs, tutor.

# Ready Steady Read Write Program

## Tutorwerkooreenkoms



Naam van tutor:	
Adres:	
E-posadres:	
Telefoonnommer:	
Geboortedatum:	
Taalvoorkeur:	
Dae/Tye wanneer jy tutorwerk kan doen:	

Deur hierdie vorm te onderteken, bevestig jy dat:

- Die inligting wat jy hierbo verstrek het, waar en korrek is.
- Jy die Tutorwerkbeleid gelees het en daartoe instem.
- Jy nog nooit aan 'n kriminele oortreding waarby 'n kind betrokke was, skuldig bevind is nie en dat jou naam nie op die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn nie.
- Jy tot versoeke vir 'n Nasionale Kinderbeskermingsregisterkontrole of 'n polisieklaringsertifikaat sal instem indien dit deur die skool/organisasie verlang word.

Geteken deur:

Datum:

---

---

**LET WEL: Hierdie vorm moet voorgelê word voordat jy tutorwerk kan begin doen.** Tutors moet die vorm aan die programkoördineer voorlê om geliasseer te word. Die vorm moet ook deur programkoördineerders ingevul word.